

Dinsdag, 15 Mei Jona se plan/pad

Lees Jona 1: 1-16; 2:1-9

God se plan en pad is en loop na Nineve – die stad waar baie mense God-loos en goddeloos lewe. Hul sonde ontvlam God se toorn en sit Sy oordeelswiel in beweging. Jona word afgevaardig om hulle te gaan waarsku teen dié naderende ramp. Hy is deel van God se plan. As profeet moes hy die brand-alarm van God se naderende verterende vuur van oordeel wees. **“Maar Jona het klaargemaak om na Tarsis toe te vlug, weg van die Here af”** (1:3)

Waarom vlug Jona weg van die Here af? Nêrens in dié kort profesie antwoord die skrywer die vraag eksplisiet nie. Tog, wanneer ‘n mens lank genoeg oor die vraag nadink terwyl jy die boek Jona verskeie kere ook binne die breër Bybelse konteks deurlees, ontdek jy die antwoorde op die vraag. Kom ons dink saam hardop oor dié moontlike antwoorde.

1. Jona was waarskynlik **bang** vir die mense van Nineve, want ons lees dat hulle “slegte” mense was (1:2). Slegte mense is gevaarlike mense en hulle kan jou doodmaak. Dit was algemeen bekend dat profete dikwels in lewensgevaar was. Baie van hulle is doodgemaak (Luk. 13:34).
2. Jona het nie ooghare vir die mense van Nineve gehad nie, want hulle was Assiriërs. Was dit dan nie juis die Assiriërs wat hul **aardsvyand** was nie. In die jaar 722vC het die Assiriërs oorlog teen Israel gevoer, Samaria die hoofstad van die 10 stamme in die Noorde verwoes en 10 stamme in Ballingskap weggevoer. Jona wou nie namens God dié slegte klomp mense gaan waarsku nie, want hy het vermoed dat hulle hul selfs kan bekeer en dan sien God daarvan af om hulle te vernietig (3:2). Nee Jona wou graag hê dat God hul summier met ‘n banvloek moet tref sodat daar nie ‘n enkel een van hulle dié ramp sou oorleef nie.
3. Terwyl daar op see ‘n groot storm woed en die skip waarop Jona na Tarsis op reis is dreig om te sink, lê Jona rustig en **slaap** terwyl die res van die bemanning spook om oorlewing (1:6). Die indruk van gerief- en gemaksgeword word hiermee gewek. Jona sal die Here dien en Sy opdragte uitvoer solank dit binne die grense van sy gemak kan gebeur.
 - * Ek sal u opdragte uitvoer as daar geen risiko’s vir my in is nie.
 - * Ek sal doen wat U vra, maar moet asb. net nie van my verwag om voor mense te bid nie; hoor ons dikwels.
 - * Ek sal U boodskapdraer wees solank u net nie verwag dat ek met X of Y moet gaan praat nie.
 - * Ek sal help solank dit net nie bots en indruis met my besige program nie.

Wie so redeneer, trek die grense en stel die voorwaardes vir die Here in terme waarvan hulle kans sien alvorens hulle ‘n opdrag uitvoer.

* Ensovoorts.

Tot op hierdie punt sou iemand kon sê, maar dit is bloot spekulasie. Miskien wel, miskien nie. Tog is daar in die Jona-verhaal definitiewe verdere aanduidings wat die rede vir sy weiering verraai.

4. Om van God weg te probeer vlug, verraaai 'n **teologiese denkfout**. Jona dink dit is moontlik om iewers vir God te gaan wegkruip waar Hy jou nie sal kom kry en verder lastig val nie. Ps 139: 7-12 sê dit is onmoontlik!

Waarheen sou ek gaan om u Gees te ontvlug? Waarheen sou ek vlug om aan u teenwoordigheid te ontkom?

Klim ek op na die hemel, is U daar, gaan lê ek in die doderyk, is U ook daar.

Vlieg ek na die ooste, of gaan woon ek in die verre weste,
ook daar lei u hand my, hou u regterhand my vas.

Ek sou die duisternis kon vra om my weg te steek, of die lig rondom my om in nag te verander,

maar vir U is selfs die duisternis nie donker nie en die nag so lig soos die dag, duisternis so goed soos lig.

Terwyl Jona van God wegvlug, ontdek hy God is toe ook op see, want God het die wind stormsterk laat waai (1:4). Later moes hy ontdek dat God ook op en diep onder in die see is, want toe hy oorboord gegooi word, stuur God 'n vis om hom in te sluk (1:17) en terwyl hy diep onder die water was, hoor God sy gebed. Waar jy ook al heen wegvlug, God haal jou in oppad daarheen.

* Al is dit ook in jou hoë ouderdom

* Al is dit ook op jou siekbed

* Al is dit ook in 'n krisistyd wanneer rampe jou tref

Inhaal sal God jou inhaal, want jy is deel van Sy plan of jy dit wil weet of nie.

5. Jona se geestelike peil word ook in dié verhaal bloot gelê. Terwyl hy van God wegvlug, ontslaan hy homself uit God se diens. Hy bedank. In dieselfde asem getuig hy teenoor die medepassasiers: “**..ek dien die Here die God van die hemel wat die see en die vasteland gemaak het**” (1:9). Hoe ironies! Terwyl hy homself uit God se diens ontslaan, sê hy dat hy in God se diens is. Sy belydenis van in diens wees, is dus leeg. Dit gebeur maklik, dat 'n mens een ding sê, maar dan juis die teenoorgestelde doen. Prediker waarsku ons teen ligsinnigheid in dié verband. (Pred. 5:1-6)

Moenie te gou praat nie, moenie oorhaastig 'n belofte aan God maak nie, want Hy is in die hemel en jy op die aarde. Laat jou woorde daarom min wees.

Baie doenigheid bring drome, baie praat lei tot onverstandige woorde.

As jy aan God 'n gelofte gedoen het, moet jy nie versuim om dit te betaal nie. Hy hou nie van ligsinnige mense nie. Wat jy beloop het, moet jy betaal.

Dit is beter dat jy nie belowe nie as dat jy belowe en nie betaal nie.

Moenie dat jou mond jou laat sondig sodat jy vir 'n priester moet sê: “Ek het my vergis” nie. Waarom sal jy God laat kwaad word oor wat jy gesê het en Hom jou handewerk laat vernietig?

Daar is baie drome, baie wat tot niks kom nie, ook baie woorde. Maar dien jy vir God!

Ook Jesus (Matt 5:33-37) en Jakobus (5:12) vermaan ons dat ons moet bedoel wat ons sê:

* Hoeveel keer staan mans en vrouens voor 'n kansel en beloop voor God en getuies trou aan mekaar tot die dood ons skei dan bedrieg hulle mekaar en of skei.

- * Hoeveel ouers wat geloftes voor God en getuies aflê om hul kinders in die weë van die Here groot te maak, verwaarloos die opdrag skandelik.
- * Hoeveel lidmate wat voor God en getuies onderneem om getrou deel te neem aan God se werk, verdwyn soos mis voor die son.

lewers is daar groot skroewe los. In ons omdraai-strategie het ons dié probleem ook bespreek en gesê dat ons strenger sal moet wees met die onderlinge vermanings en dat ons nie by eenmalige verbintnisse kan volstaan nie. Dit moet deurlopend hernu en verdiep word.

Wat 'n wonderlike geleentheid het die man van God nie daar op die see gehad om dit waarvan hy getuig (nl.: dat hy die lewende God dien) te demonstreer nie. Die mense saam met hom was afgods-aanbidders en hulle het besef dat hul gode “-useless” is, want al hul gebid het net mooi niks aan die storm verander nie. Toe hul egter Jona in die see gooi het die **storm** bedaar (1:5). Toe besef hul dat Jona se God lewe en magtig is. Hoe ironies dat Jona dié geleentheid om te getuig deur sy vingers laat glip. Terwyl hy verkies om liever oorboord gegooi te word en te sterf eerder as om te getuig, is dit die heidene wie se oë vir God oopgaan juis toe die storm gaan lê. Toe bring hulle offers vir God en maak geloftes aan Hom! (1:16). Dikwels word ons as gelowiges beskaam deur die optrede van diegene van wie 'n mens dit die minste verwag!

6. Jona se **godsdienstbeoefening** openbaar ook iets wat as rede vir sy weiering om na Nineve te gaan aangevoer kan word. Daar in die diepsee worstel hy biddend met God om oorlewing (2:1-9). Ontleed ons sy gebed inhoudelik tref dit hoe hyself in die middelpunt van die gesprek met God staan. Die woord “ek” kom 12 keer voor en “my” 13 keer. Toegegee! Dit is 'n krisis waarbinne hy hom bevind en dit gaan inderdaad oor 'n stryd om oorlewing waarin hy God om hulp smeek. Dit is met ander woorde monoloog waarin Jona in die eerste persoon praat. Tog is dit opvallend dat Jona nêrens in die gebed enige berou toon of enige belydenis doen vir sy ongehoorsaamheid aan God soos Dawid in Ps 5:1 dit wel doen nie. Die indruk word geskep dat Jona op sy afdraaipad weg van God se pad God in sy diens geneem het. Terwyl hy bely dat hy in God se diens staan (1:9) het hy homself uit dié diens ontslaan. Daar op sy pad lê hy nou sy versoeke aan God voor. God moet dit tog asb. uitvoer. Ons maak maklik die fout om te dink dat God daar is om in ons klein en groot behoeftes te voorsien. En as Hy dit nie doen nie het ons 'n probleem met God en God se saak. Dan voer ons dit as redes aan waarom ons ons aan die gemeente van die Here onttrek. So maak ons van die Koning 'n kneg – ons kneg. In plaas daarvan dat ons Hom tot die dood toe dien, eis ons diens van Bo. In ons omdraaistrategie het ons besef dat dié ontvang-ingesteldheid/kultuur met 'n gee-ingesteldheid/kultuur vervang sal word. Die Here Jesus in wie se voetspore ons volg, het immers gedemonstreer dat godsdienst in diensbaarheid, offervaardigheid en gehoorsaamheid aan God vergestalt moet word.

Die Jona-verhaal is ons elkeen se verhaal. Hoe dikwels kies ons die Tarsis-roete bo die Nineve roete. Die rede waarom ons as gemeente so sukkel om ons roeping na “buite” op dreef te kry, word kreatief in dié verhaal uitgebeeld. In plaas daarvan om met irrelevante vrae soos: is die verhaal regtig histories waar? te stoei, moet ons ontdek dat ons hier gekonfronteer word met onself. God hou 'n DVD aan ons voor van onwilligheid, ongehoorsaamheid. God sukkel oor al die eeue om sy kerk met Hom op reis te neem na 'n wêreld in duisternis. En die wêreld is nie blind nie. Hy sien ons in ons binnegevegte oor waar en onwaar stry. Hy sien dat ons stilsweye mense sonder hoop laat. Die persepsie wat ons afwesigheid skep, is dat ons niks het om te sê en/of by te dra nie. Maar as ons swyg, sal God ons inhaal en aan ons bly karring. Anders gaan die klippe dit self uitroep (Luk. 19:40). Nou bly die vraag: Op watter roete bevindjy jou

vanaand: Nineve of Tarsis! Mag God Hom so aan ons elkeen openbaar dat ons soos Jesaja sal Sê: Hier is ek Here, stuur my! (Jes. 6:8)

AMEN